

Trümpelmann, M H (red) 1983: Kreatiewe Geskiedenis-
onderrig. Durban/Pretoria: Butterworth (Publikasiereeks
van die Buro vir Voortgesette Onderwys (RAU) No. 1.
R11,95.

Hierdie werk met sy belangwekkende titel dek 'n wye
reeks onderwerpe wat direk betrekking het op die onder-
rig van Geskiedenis. Aangesien dit 'n bundel van voor-
dragte bevat deur verskeie vooraanstaande historici en
vakdidaktici in beide amptelike landstale, bied dit in-
teressante leesstof aan almal wat by die onderrig van
Geskiedenis in die besonder en didaktiese arbeid in die
algemeen, belang het. Dikwels word die onderrig van

Geskiedenis op primêre, sekondêre en tersiêre vlak ernstig gekritiseer en miskien met reg ook. Al te dikwels bestaan die onderrig uit 'n verbeeldinglose omgaan met die historiese werklikheid, 'n te ambisieuse en prakties onuitvoerbare vaardighedsnastrewing sonder die nodige vakwetenskaplike onderbou of selfs nog erger 'n stereotipe geploeter en van 'n buite geleer van datums en antikwariese data.

Hoe dit ook al sy, hier is 'n eerlike poging tot vernuwing en stimulering van die kreatiewe en by die deurlees daarvan 'n entoesiastiese bydrae wat dit nie net wel meen met die Geskiedenis as wetenskap en as sodanig die voedingsbron van die onderrig nie, maar insgelyks ook 'n daadwerklike poging om nuwe lewensbloed in die are

van die vakonderrig oor te plant. Dit maak die werk nie net van besondere belang vir elke praktiserende Geskiedenisonderwyser en -dosent nie maar ook en veral vir elke voornemende onderwyser en onderwyseropleier in die vak. Te lank was aanvaar dat iemand bloot met gegronde vakkennis toegerus hoef te wees om 'n suksesvolle Geskiedenisonderwyser te word. Hierdie geleentheid tot herbesinning oor die plek en rol van die vakdidaktiek Geskiedenis mag eenvoudig nie onbenut verbygaan nie. Veral die praktykgerigte bydrae deur die verskillende medewerkers maak hierdie werk die moeite werd om weer na te kyk.

P J van der Merwe
Onderwyskollege Goudstad